GEAGTE BROEDERS EN SUSTERS.
Ek sal graag weer tweedehandse of nuwe klere wat in u kaste in onbruik geraak het ontvang wat ek op my beurt kan uitdeel aan persone wat daarby baat sal vind.
Ek gee dit ook vir instansies waar die klerenood groot is.
Waar ek tans woonagtig is, is ek nie so maklik bereikbaar nie dus sal ek baie bly wees as u die klere by **Pieter Bouwsema** of **Malie Wyma** by die kerkkantoor sal afgee. Ek wil ook vra dat die klere skoon en heel sal wees. By voorbaat dankie *Ina Steyn*

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.
Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**
Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**)
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom** Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: Gooi 'n ietsie ekstra in u kos-waentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 23 Sondag 28 Julie 2024
Redakteur: Rudy van der Spoel **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en kategese:
Ouderlinge: Wyk 7 **Tom Chambers** en Wyk 8 **Charles Reinecke.**
Diakens: Wyk 7 **Banie Nortjé** en Wyk 8 **Zurich Terblanche.**
TEEBEURT: Susters wyke 13 en 14 Wymie du Plessis

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp
Onthou die middagdiens begin om **17:00** in die winter

OGGEND: Woordbediening: Handelinge 16: 16-40 (AFR'20).
Fokusverse: Handelinge 16: 26-31.
TEMA: *Die Here Jesus is die vaste Fondament – glo op Hom.*
Sing: Psalm 46: 1, 3; Psalm 71: 1, 4, 10; Skrifberyming 9-3:1, 2 (70); Psalm 119: 15; Psalm 31: 5, 11, 12.
Bede met meelewing: Psalm 20:2. .

MIDDAG: Erediens om 17:00
Woordbediening: Efesiërs 6: 10-20 (AFR'20).
TEMA: *Ons is swak, Vader, versterk ons deur u krag.*
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 52, V&A 127.
Sing: Psalm 142: 1, 5; Psalm 118: 2, 3, 4; Skrifberyming 14-3 [70]:1; Skrifberyming 14-3: 2, 3, 4 (53).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die ***Teologiese Studentekas***

Vanmiddag: ***Diens van Barmhartigheid*** ***(BLOU)***en ***Kerkkas*** ***(ROOI)***
(Volgende week se spesiale kollekte is vir die ***Emeritaatsversorging*****)**

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

MEELEWE

Ons betuig ons innige meegevoel met **Mietsie Harman** wie se broer Gerrit die afgelope week oorlede is. Mag ons hemelse Vader haar en haar dierbares ryklik vertroos.

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee.

Dora Reynecke is Dinsdag oorgeplaas na M Care Hospitaal waar sy rehabilitasie ná haar onlangse beroerte-aanval sal ontvang.

Annatjie Coetzee sterk nog aan nadat sy verlede naweek in Medikliniek opgeneem is.

Jane Coetsee is Woensdag in Mediclinic opgeneem vir inwendige ondersoeke. Ons bede is dat die uitslae gunstg sal wees en verseker haar en Tillie van ons voorbidding.

Hendra Bouwsema ondergaan Maandag 'n heupvervanging-operasie. Ons bid haar en Pieter en die dogters krag en sterkte toe.

Sybrand van der Merwe ondergaan Donderdag 'n nekoperasie in Mediclinic. Ons doen voorbidding vir hom en Belinda dat die operasie suksesvol sal wees.

Ons doen voorbidding vir ons verswakte lidmate wat in die versorgingseenhede van die onderskeie tehuise en ook tuis verpleeg word. Mag u daagliks versterk word met nuwe krag om die wedloop van die geloof met volharding te kan voltooi.

HUWELIKSHERDENKING

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenking vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)! Daar is geen huweliksherdenkings hierdie week waarvan ons bewus is.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Ma	29/07	**Jan de Vos,**. Wyk 7
Di	30/07	**Mietsie Harman,**. Wyk12
Wo	31/07	**Nelly van der Spoel,**. Wyk 6
Vr	02/08	**Brechtje Jooste,**. Wyk 4

Bede met meelewing: Psalm 20: 2.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Siekebesoek, pastorale besoeke huisbesoeke volgens afspraak

KATKISASIE	Sondag 28 Julie	Sondag 4 Augustus
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 17 Skrifberyming 1-1: 7 b Sondag 44 Eksodus 20: 6	Les 18 Skrifberyming 1-1: 7 Sondag 45 Eksodus 20: 7
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 1 & 2: Wyk 7 Graad 3 & 4: Wyk 8	Graad 5 & 6: Wyk 9 Graad 7: Wyk 10
Hoërskoolkatkisasie	Les 11	Les 12

2025-SKOOLKALENDER

Kwartaal	Klasse	Vakansies
Eerste kwartaal	15 Januarie - 28 Maart 2025	29 Maart – 7 April 2025
Tweede kwartaal	7 April – 27 Junie 2025	28 Junie - 22 Julie 2025
Derde kwartaal	22 Julie - 3 Oktober 2025	4 Oktober – 13 Oktober 2025
Vierde kwartaal	13 Oktober - 10 Desember 2025	10 Desember – 14 Januarie

WAT VAN 'N WARM KOPPIE TEE?

Die Susters van wyke 13 en 14 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet